**GEOPENDE DEURE AFRIKA – MEDIAVERKLARING**
**VIR ONMIDDELIKE VRYSTELLING**

# Geopende Deure herdenk Vervolgingsondag

## Fokus val op die vervolging van Christene

Die bedieningsorganisasie Geopende Deure Afrika hou sy jaarlikse byeenkoms om Vervolgingsondag te herdenk op 31 Mei 2026. Dié byeenkoms is daarop gemik om kerke en ander Christelike organisasies betrokke te kry om bewustheid oor die benarde situasie van vervolgde Christene te skep en om saam met Christene regoor Afrika vir hul vervolgde familie wêreldwyd te bid.

Die eerste Sondag ná Pinkster is wêreldwyd bekend as Vervolgingsondag. Hierdie dag fokus op die verskriklike vervolging wat Christene in talle lande dikwels weens hul geloof verduur – met gelowiges wat dikwels tronkstraf, diskriminasie, verwerping, marteling en selfs die dood in die gesig staar.

Baie mense besef nie dat die vervolging van Christene al eeue gelede begin het en vandag steeds ’n werklikheid is nie. Die vervolging van Christene het kort ná Jesus se hemelvaart begin, toe ’n groep van Sy volgelinge in die vroeë Kerk ná Pinkster in Jerusalem bymekaar gekom het om saam te bid. Nadat hulle met die Heilige Gees vervul is, het hulle begin om die Goeie Nuus oor Christus te versprei en het die vervolging van die vroeë Kerk momentum gekry.

Die Bybel dokumenteer die begin van die vervolging van Christene as kort ná die uitstorting van die Heilige Gees, met die arrestasie van Petrus en Johannes. Daarom word dit simbolies verklaar as die “begin” van die vervolgde Kerk.

### ’n Stem vir vervolgde gelowiges

Geopende Deure is ’n stem vir vervolgde gelowiges in meer as 70 lande regoor die wêreld. Meer as 388 miljoen Christene ervaar tans hoë vlakke van vervolging en diskriminasie weens hul geloof (’n toename van 8 miljoen sedert verlede jaar). Dit is ’n rekordgetal, wat een uit elke sewe Christene wêreldwyd (op van een uit agt vyf jaar gelede), een uit elke vyf Christene in Afrika en twee uit elke vyf Christene in Asië veerteenwoordig. ’n Skokkende 13 Christene word daagliks wêreldwyd weens hul geloof doodgemaak.

Die algehele tendens wys dat die vervolging van Christene teen ’n kommerwekkende tempo regoor die wêreld toeneem. Slegs in die top 50 lande op Geopende Deure se Wêreldwaarnemingslys (WWL) ervaar 315 miljoen Christene baie hoë of uiterste vlakke van vervolging en diskriminasie weens hul geloof. Altesaam 4 849 Christene is in die WWL 2026-rapporteringstydperk vir hul geloof doodgemaak.

### Meer oor Vervolgingsondag

Die tema van Vervolgingsondag is vanjaar “Wees lief vir jou naaste”. In ’n tyd waartydens verdeeldheid, swaarkry, eensaamheid en misverstande baie algemeen is, is dit nie net ’n morele ideaal om vir jou naaste lief te wees nie – dit is ’n geestelike mandaat en die bewys van ’n lewe wat in God se liefde gewortel is.

Om vir jou naaste lief te wees, is om aan hulle toegewy te wees, hulle bo jouself te vereer, met dié wat in nood is te deel, gasvryheid te beoefen, verheug te wees saam met dié wat verheug is, te rou saam met dié wat rou, in harmonie saam met mekaar te leef en selfs dié te seën wat jou seermaak.

Geopende Deure wil tydens Vervolgingsondag ’n spasie vir hierdie soort liefde skep – ’n plek waar mense nie net vir hul vervolgde familie bid nie, maar ook vir en saam met mekaar. Dit is die ideale

geleentheid om saam met diegene in die Liggaam van Christus te staan wat nie vrylik bymekaar kan kom vir aanbidding nie, om mekaar te bemoedig en mekaar se laste te dra, en om God te vra om almal se harte te vernuwe, sodat elkeen sy mandaat kan uitleef om vir hul naaste lief te wees.

**Vervolging en geweld in sub-Sahara Afrika**
Saam met Geopende Deure se jaarlikse Vervolgingsondag-gebedsbyeenkoms, is dié organisasie ook tans besig met die Arise Africa-veldtog, ʼn meerjarige reaksie op die aanhoudende geweld waarmee Christene in hierdie streek geteiken word. Dié veldtog, wat in samewerking met Christelike leiers regoor sub-Sahara Afrika uitgevoer word, is daarop gemik om die Kerk in Afrika in staat te stel om sterk in hul geloof te staan op plekke waar uiterste vervolging plaasvind.

Aanvalle op Christene in sub-Sahara Afrika het kommerwekkende vlakke bereik, en die Kerk het ondersteuning meer nodig as ooit tevore. Altesaam 90% van alle godsdienstig gemotiveerde aanvalle vind in Afrika plaas, en onlangse data wys duidelik dat Christene geteiken word in ʼn patroon wat regoor verskeie nasies in sub-Sahara Afrika weerspieël word. Altesaam 14 nasies in hierdie streek verskyn op die 2026 WWL, en een uit elke agt Christene wêreldwyd bly in hierdie 14 lande.

Lynette Leibach, uitvoerende direkteur van Geopende Deure Afrika, sê: "Dit is bemoedigend om te sien dat al meer volgelinge van Jesus nie net bewus raak van die benarde situasie waarin ons broers en susters wat vervolging in die gesig staar verkeer nie, maar ook kies om namens hulle te bid en op te tree. Meer as 150 kerke het hulself reeds daartoe verbind om op 31 Mei aan die dag van die Vervolgde Kerk deel te neem. Ons bid dat ons geloofsfamilie versterk sal word om hul geloof met vrymoedigheid in gevaarlike plekke uit te leef terwyl ons Jesus se opdrag aangryp om ons naaste soos onsself lief te hê."

**Maniere om betrokke te raak**
Individue, kerke en ander organisasies kan op die volgende maniere betrokke raak en bewustheid in hul gemeentes skep:

- **Wees ʼn spreker by jou kerk op Vervolgingsondag:** Enigeen kan ʼn stem wees vir vervolgde Christene wat nie in staat is om vir hulself te praat nie deur op 31 Mei ʼn vrywillige spreker by hul eie kerk te wees. Dit is die ideale manier om te help om die boodskap van die vervolgde Kerk te versprei.
- **Nooi een van Geopende Deure se vrywilliger-sprekers na jou Sondag-kerkdiens:** Geopende Deure se vrywilligers gaan op Sondagoggend, 31 Mei, persoonlike aanbiedings by kerke regoor die land doen. Hulle sal getuienisse deel oor die opofferings wat vervolgde Christene vir hul geloof maak en oor hoe Jesus Christus hierdeur verheerlik word.

Mense wat registreer om ʼn Vervolgingsondag-byeenkoms te reël, sal toegang kry tot al die relevante materiaal, soos ʼn PowerPoint-aanbieding oor die tema, video's, gebedskaartjies en materiaal vir kinders.

Geopende Deure streef daarna om die byeenkoms op die agendas van soveel kerke en ander Christelike organisasies in Suid-Afrika en sy naburige lande as moontlik te kry, met ʼn beroep op kerke om betrokke te raak by die herdenking van Vervolgingsondag tydens hul eredienste op 31 Mei en die verspreiding van die boodskap oor vervolging regoor Afrika.

**Meer inligting**
Vir meer inligting oor hoe om betrokke te raak of vir die byeenkoms te registreer, besoek Geopende Deure se webtuiste by www.opendoors.org.za.

**GEOPENDE DEURE AFRIKA – MEDIAVERKLARING**
**VIR ONMIDDELIKE VRYSTELLING**

Vir enige navrae of om ʼn onderhoud oor Vervolgingsondag te reël, kontak Elizabeth Botha, Geopende Deure se mediabeampte, by elizabethb@od.org, 083 227 8164 of 011 888 9341.

*Geopende Deure Afrika is deel van die Geopende Deure Internasionaal-bediening, wat vervolgde Christene in meer as 70 lande regoor die wêreld dien deur die lewering van Bybels en Christelike literatuur, besoeke aan vervolgde Christene, die verskaffing van dissipelskap en opleiding, en voorspraak om bewustheid te skep.*

**Foto's:**
**Foto 1:** ʼn Groep vroue in Benue-staat, Nigerië, wat weens hul geloof ontwortel is.
**Foto 2:** ʼn Groep ondergrondse gelowiges in China tydens ʼn geheime byeenkoms.

*Mediaverklaring uitgereik deur Elizabeth Botha*
*Mediabeampte: Geopende Deure Afrika*
*Tel: 083 227 8164 / (011) 888 9341*
*E-pos: elizabethb@od.org*